**<u>Oggenddiens</u>: 10 Mei 2026**

**<u>Leraars</u>: Gerrit & Elanie**

**<u>Tema</u>: DIE EEN WAT MY SIEN**

Preeknotas | Gerrit & Elanie

**INLEIDING**

Ons almal beleef tye waar ons voel:

- ons word nie raakgesien nie,

- niemand hoor ons noodkrete nie, en selfs God lyk stil.

"Ek roep hardop na God, ja, ek roep hardop..." — Psalm 77:1

Hierdie boodskap gaan oor:

- Hagar se storie,

- ons eie woestyn-oomblikke,

- en die waarheid dat God

El Roi is:

"Die God wat my sien."

**1. HAGAR SE STORIE**

Skrifgedeelte: Genesis 16

Sleutelvers:

"Van toe af het Hagar die Here genoem: 'Die God wat my sien.'" — Genesis 16:13

Hagar:

- was 'n slavin,

- 'n vreemdeling,

- 'n heiden,

- iemand sonder status of stem, **En tog**: God sien háár raak.

**2. EL ROI – DIE GOD WAT SIEN**

**God noem Hagar op haar naam**

"Hagar... waar kom jy vandaan? Waarheen gaan jy?" — Genesis 16:8

**God het haar aktief gesoek**

"Die Engel van die Here het haar by 'n fontein in die woestyn gekry..." — Genesis 16:7

Hagar was nie toevallig gevind nie — sy was nagejaag deur God.

**God sien nie net — Hy hoor ook -** Ismael beteken: "God hoor."

**3. HIDDEN YEARS IS NIE WASTED YEARS NIE**

Jesus se versteekte jare was voorbereiding, vorming en karakterbou.

"The workshop is not a place for making engines, so much as a place for making men." — Henry

Drummond

Belangrike waarheid: Hidden years is nie wasted years nie.

**4. GOD VERANDER NIE ALTYD ONS OMSTANDIGHEDE NIE**

"Gaan terug... en onderwerp jou nederig." — Genesis 16:9

God het nie onmiddellik Hagar se omstandighede verander nie, maar Hy het haar perspektief verander.

**5. ONS EIE STORIE**

Gerrit & Elanie deel oor: - die verlies van Hadassah, - die pyn van teleurstelling, - en die ontdekking dat God steeds teenwoordig is in smart.

**6. JESUS VERSTAAN ONS SMART**

Hebreërs 4:15 "Hy het al dieselfde pad as ons geloop..."

Lukas 7:13 "Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry."

God voel saam met ons.

**7. DIE BELANGRIKSTE VRAAG**

Is Hy genoeg vir jou?

Selfs as: - dinge nie verander nie, - genesing nie kom nie, - drome nie uitwerk soos beplan nie...

**8. WAT DOEN GOD MET PYN?**

Pyn in ons eie hande het min betekenis. Maar in God se hande verander as in sieraad.

**SLEUTELGEDAGTES**

- Hidden years is nie wasted years nie.

- God se begeerte is nie altyd ons gemak nie, maar ons vorming.

- God het nie Hagar se omstandighede verander nie — Hy het haar perspektief verander.

- Hy sien nie net jou nie — Hy hoor jou ook.

- Pyn in God se hande verander as in sieraad.

**FINALE BEMOEDIGING**

Al voel dit stil, droog of asof niemand jou raak sien nie... Kyk op.

Jy sal vaskyk in:

**EL ROI -** Die God wat jou sien